Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

SPESIALE KARNAVALUITGAWE
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXIII No. 1 Prys 3c
DONDERDAG, 6 MAART 1969

# VIVA MUSICA
# LAAT WAAI PAPEGAAI!

*pluk van der stel se kenbaard uit*
*en maak daarvan 'n towerfluit:*
*as iemand om die rede vra,*
*sing: viva, viva, musica!*

fanie olivier

Laat waai papegaai! Die oorsprong van hierdie uitdrukking? Die hoogtepunt van veertien dae se volgehoue jolyt byna driehonderd jaar gelede met die groot jaarlikse kermis op Stellenbosch. Dié dag met Simon van der Stel se verjaardag en die skietery na die houtpapegaai teen Papegaaiskop. Met hierdie einste uitdrukking roep ons nou die Maties van 1969 op tot oorgegewe deelname aan Karnaval '69.

**Karnaval '69. Wat behels dit alles? Die komitee van vanjaar het met interessante dinge vorendag gekom: nuwe kompetisies, informele danse, 'n motorkompetisie, 'n bootreis vir mej. Matieland en die vlotoptog deur Bellville en Kuilsrivier. Alles nuut.**

Die Karnaval kry sy eerste stoot Donderdagaand met die tradisionele verskeidenheidskonsert in die Stadsaal. Afgesien van die kroning van die koningin en haar twee prinsesse by dié geleentheid vind 'n kompetisie vir koshuise plaas met 'n gramradio van R200 op die spel. Die tweede prys is 'n skildery.

### Mnr. Matieland

Vrydagoggend is die Jan Maraisplein met sy stalletjies die sentrum van alle bedrywighede. Volgens Willem Landman is 'n paar stalletjies vanjaar in die besonder verantwoordelik vir speletjies en ander vermaak. Twee interessante kompetisies vind onder andere hier plaas: 'n snaakse kleredragwedstryd en, glo dit as u wil, 'n mnr. Matieland-kompetisie. In teenstelling met mej. Matieland, hoef mnr. Matieland nie aansienlik te wees nie — hy moet net aansienlik baie kan eet en drink. Daar vind naamlik 'n „bootreis" plaas met 'n ingewikkelde punteskema, alles daarop ingestel om dié mnr. Matieland te ontdek.

'n Kouevleisete by Vergenoeg kom Vrydagaand aan die beurt. Vir dié geleentheid word die stalletjies spesiaal vanaf die Marais-plein na Vergenoeg vervoer waar dit ook die Saterdagaand eet- en drinkgoed (onder andere bier) sal verskaf.

Laataand begin die bou aan die vlotte. Minstens twee nuwe vlotte voeg hulle vanjaar by die geledere van die ander: 'n ekstra vlot van P.S.O. en 'n eie vlot vir die drompoppies. Die vlotbouers kan egter op groter en langduriger hulp van die dames reken. Met spesiale verlof kan die seniordames tot so laat (vroeg?) as 3.00 vm. help bou. Vir die ander dames bly die tydsgrens egter 12 nm.

### Deur Bellville

Saterdagoggend, met die optog van die sierwaens deur die strate, kom die Karnaval in volle swang. Heeltemal anders as vorige jare, beweeg die vlotte nie slegs deur die strate van Stellenbosch nie, maar ook deur die hoofstraat van Bellville. Die optog word gelei deur die kadetorkes van die Hoërskool Bellville, gevolg deur die tamboernooientjies. Op die hoofsierwa, gebou deur Majuba, ry die koningin en haar twee prinsesse.

### Inlê-fliek

By die middagprogram op Coetzenburg volg die feestelike bedrywighede mekaar steeds sneller op. Naas die beoordeling van die vlotte, vind 'n vertoning van modelvliegtuie plaas. Die Juniors sorg vir vermaak. Verskillende volksdanse word gedemonstreer. Daarby tree die Matie-tamboernooientjies sowel as dié van „Die Landstem" op. Musiek word verskaf deur die Lugmagorkes en die „Cape Town Highlanders".

Maar dit is Saterdagaand dat die Karnaval sy hoogtepunt bereik. Dan ontplooi die Karnaval in 'n roesemoes van aktiwiteite. Op Vergenoeg vind 'n informele dans plaas, volgens Chris Heyns in 'n tamaai groot tent. Boonop is daar 'n hoenderbraai, 'n biertuin. En 'n inlê-fliek.

Dié geleentheid onder geleenthede is egter die formele dans in die stadsaal. Die eregaste is die koningin en haar twee prinsesse. Wat die tema van die dans is, bly 'n volslae geheim tot daardie aand. Die enigste aanduiding van die tema is 'n skamele versekering van Dirk Hertzog dat dit nou sal aansluit by die tema van die Karnaval.

Met 'n uiteensetting van die Karnavalprogram is lank nie alles gesê nie. Daar is nog die kompetisie vir koshuisversiering, met 'n nuwe inskrywing vanjaar, nl. dié van Medies. Vir die eerste keer is daar nou ook twee bekers, een vir die dames- en een vir die manskoshuise, op die spel.

### Deelname

Die program dui op die moontlikheid van 'n grootse Karnaval. Laat ons dit ook inderdaad die grootste Karnaval maak deur onbevange en oorgegewe deelname . . . Dit alles in die gees van: Viva Musica!

## Program Vir Karnaval '69

**Donderdag, 6 Maart:**

*AAND:*
8.00 — Verskeidenheidskonsert en Verkiesing van Mej. Matieland in Stadsaal.

**Vrydag, 7 Maart:**

*OGGEND:*
Jan Marais-pleinprogram: Snaakse kleredrag-parades (begin 10.30), stalletjies en Mnr. Matieland-kompetisie.

*MIDDAG:*
Begin van vlotbouery by koshuise.

*AAND:*
6.00 — Kouevleisete en program op Vergenoeg, Atletiekbyeenkoms op Coetzenburg.

**Saterdag, 8 Maart:**

*OGGEND:*
Vlotoptog deur Kuilsrivier, Bellville en — wat tussen 11.30 en 12.30 begin op — Stellenbosch.

*MIDDAG:*
2.00 — Coetzenburgprogram.

*AAND:*
7.30 — Formele dans in Stadsaal; 6.00 — Karnavalkaperjolle op Vergenoeg: Informele dans, hoenderbraai, biertuin, inlê-fliek en stalletjies.

## Minister Hertzog Di(-regeer) Karnavalkomitee



FOTO LINKS: V.l.n.r. sing (uit halwe bors): Willem Landman (Stalletjies), Chris Heyns (Informele dans), Chris Otto (Kouevleisete), Jimmy Fouché (Braaivleis), Hans Schnekenburger (Verskeidenheidskonsert), Douglas Wade (Motor-kompetisie), Dene Smuts (Tamboernooiens) en die ontevrede Dirk Hertzog (Voorsitter). (Afwesig: Ronel de Goede (Reklame en koshuisversiering) en André Grevelink (Sierwaens).)

FOTO REGS: V.l.n.r. sing (uit volle bors): die nou tevrede Dirk Hertzog (steeds Voorsitter), Katrin de Klerk (Sekretaresse), Neil de Klerk (Mediese verteenwoordiger), Christo Lombard (Coetzenburg-program), Nato Zondagh (Ondervoorsitter), Pieter Bräsler (Akkerjol-redakteur), Johan Lubbe (Karnavaldans), Johann Graaff (Mej. Karnaval-kompetisie) en Michiel le Roux (Tesourier).



# KARNAVAL: FEITE EN TENDENSE

MATIELAND beleef vanjaar sy vyfde Karnaval. Maar waar het die Karnavalgedagte sy oorsprong? 'n Aanhaling uit die Karnavalkomiteeverslag van 1964 werp lig op hierdie vraag:

**„Na afskaffing van die Jool het Intervarsity die enigste funksie geword waaraan die studente-unie in sy geheel 'n aktiewe deelname gehad het. So vroeg as 1960 reeds het die studenteraad die noodsaaklikheid van 'n addisionele funksie aangevoel en wel om twee redes: Eerstens as wesentlike plaasvervanger vir die Jool waaruit dan ook die tweede rede voortspruit, nl. 'n funksie waardeur die studente-unie in sy geheel aktief betrek word."**

### GRAFIEK

Sedert die eerste Karnaval in 1965 het die Karnaval elke jaar in omvang toegeneem.

Heel anders, egter, maar ewe veelseggend is die grafiek van die Karnavalfinansies. Die winste op die Karnaval toon sedert 1966 'n skerp dalende neiging. Waar die wins in 1966 nog R750 was, is dit in 1967 slegs R244. Verlede jaar lewer selfs 'n verlies van R98 op.

**Dagbreek en Sonop hou 'n besondere rekord. Sedert die instelling van die Karnaval slaag hulle all daarin om die beker vir die beste vlot te wen. Of hulle dit vanjaar weer sal regkry? Dit is die „million dollar question".**

### LUIMIGER

Die keuse van 'n jaarlikse tema vir die Karnaval toon ook 'n interessante tendens. Waar die temas van die eerste drie Karnavalle ietwat gewigtig was (1965: „Ruimte-eeu", 1966: „Stellenbosch oor 'n honderd jaar", 1967: „Huidige wêreldgebeure") is die temas van hierdie en die vorige jaar (1968: „Sprokiesland") van ligter en luimiger aard.

# REDAKSIONELE POSTE

DIE Publikasiekomitee wag tot SATERDAG, 29 MAART, aansoeke in vir die volgende poste:

**Die Besem**

ADVERTENSIE-BESTUURDERS (3).

**Die Stellenbosse Student**

REDAKTEUR; SUBREDAKTEUR; verteenwoordigers vir: KUNS (3), NATUURWETENSKAPPE (1), SOSIALE WETENSKAPPE (1), VERENIGINGS (2); SPORT (2), ADVERTENSIES (2); SEKRETARIS, TESOURIER, SIRKULASIE (1).

Aansoeke moet gerig word aan: DIE VOORSITTER, PUBLIKASIEKOMITEE, SR-KANTOOR, SANLAMGEBOU 205, STELLENBOSCH.

# Dankbetuiging:

**Aan Suzanne van Reenen vir agtergrondontwerp op voorblad. Aan Gert van Zyl vir sy ontwerp van die opskrif van die hoofberig op voorblad.**

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Firstraat Observatory, vir die Studenteraad, Stellenbosch.


# Die Matie

REDAKSIE 1969

HOOFREDAKTEUR: ETIENNE DE VILLIERS, Verreweide 18 (5208)
HOOFNUUSREDAKTEUR: PIERRE DE VILLIERS, Verreweide 18 (5208)
NUUSREDAKTEUR: JOHANN VERREYNNE, Majuba (2245)
SOSIALE REDAKTEUR: BIF BURGER, Helderberg (2131)
KUNSREDAKTEUR: ETIENNE BRITZ, Eendrag (2137)
SPORTREDAKTEUR: ANDRÉ GREVELINK, Helderberg (2131).
INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR: HANNES GILDENHUYS, Eendrag (2137).
SUBREDAKTEUR: NUUS: CHRIS OTTO, Eendrag (2137)
SUBREDAKTEUR: SPORT: HANNES THERON, Dagbreek (2326)
NUUSVERSLAGGEWERS: CARL ANTHONISSEN, FRANCOIS CILLIE, RONEL DE GOEDE, JIMMY FOUCHÉ, MICHIEL LE ROUX, MAX LOUBSER, CHRISTOFF PAUW, ILSE RABIE, DENE SMUTS
SOSIALE VERSLAGGEWERS: JEAN BRINK, CECILE DE WIT, JOHAN FOURIE, BENNIE GRIESEL, CHRISTA HEYL, JOHANN VAN HEERDEN
KUNSVERSLAGGEWERS: DANIE BOTHA, DEON JOUBERT, FANIE OLIVIER, HEINRICH VAN DER MESCHT
SPORTVERSLAGGEWERS: COENIE BURGER, OTTO JAEKEL, NICKIE LOTTER, WANDA MALAN
INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS: BERTIE DU PLESSIS, GERHARD LUBBE
SPOTPRENTTEKENARES: SUZANNE VAN REENEN
FOTOGRAWE: RUDOLF GOUWS, RIAAN WOLHUTER, KERNEELS VERWEY
ADMINISTRASIE:
Sekretaris/Sirkulasiebestuurder: FANIE BEKKER, Majuba (2245)
Tesourier/Advertensiebestuurder: REINHOLD JOUBERT, Eendrag (2137)


# OOK ONS KAN JOL

**„MATIES, leef julleself ten volle uit! Gee julle oor aan 'n gees van spontane deelname!" So wil 'n mens graag hierdie artikel begin. Maar daar is huiwering. Vrae oor die konsekwentheid van jou woorde. Herinneringe aan 'n onvermoë by vorige Karnavalle om vreugde vrye teuels te gee; aan 'n staan en wag op ánder om vir jou fees te vier. Soos ook die meeste ander studente.**

**Ons Afrikaners verstaan nie die kuns om fees te vier nie. Só word dikwels beweer. Dirk Kamfer skryf oor Republiekfees en maak gewag van 'n stramme nugterheid wat eerder by die werksdag as die feesdag tuishoort. Hy het dit oor die deeglike organisasie van ons feeste, maar ook oor die opvallende gebrek aan 'n gees van ware feestelikheid. En die rede? „Die dempende Christelike inslag van die Afrikaner," beweer die een. „Sy veelbewoë en neerdrukkende geskiedenis," merk 'n ander op.**

**Maar dan lees jy van 'n bruilof in Kana waar die groot Saligmaker sy eerste openbare wonderwerk verrig juis ter wille van die volgehoue vreugde van 'n menslike fees. En in ons eie geskiedenis, so verneem jy, is telkens asem geskep in luisterryke kermisse, gesellige boeresport en jolige boerepartytjies. En 'n ander herinnering skiet jou te binne, dié aan enkele helder oomblikke verlede jaar hierdie tyd, toe 'n selfbewuste ek tog volkome kon opgaan in die vreugde van 'n feesvierende studentemassa.**

**Dan dring dié wete na vore: ons mag, ons kan, meer nog: ons móét saam Karnaval hou in gesonde en spontane oorgawe. Ons het dit nodig. Veral in hierdie tyd dat 'n steeds groterwordende Matieland dreig om te versplinter in kleinere groepseenhede en vryblywende enkelinge.**

**Met groot oortuiging sê ons dan nou: „Maties, leef julleself ten volle uit! Gee julle oor aan 'n gees van spontane deelname!" En op die koop toe: „Laat waai papegaai!"**

## USKOR IN BELLVILLE

# Wat word van die Geld ingesamel Met karnaval?

**'N STEKELRIGE brandnetel dié. Om nou te skrywe oor 'n dood-ernstige Klinieke Organisasie in 'n vrolike Karnavalkoerant. Want om vrolik te raak oor dié onderwerp is so goed as om te dans in 'n liddoringkolonie — jy trap op almal se tone. Die redakteurs s'n omdat hierdie nie is wat hy van jou wou hê nie, die USKOR-manne omdat dit nie is wat hulle jou vertel het nie.**

Nou — hoekom kollekteer ons dan Karnavalgeld vir USKOR?

Toe die Karnaval in 1964 begin mik het om aan die gang te kom in die plek van die afgeskafte Jool, was daar dié voorwaarde van die Rektor: Dat die winste van die Karnaval aan die Welsynsorganisasies sou gaan wat naaste aan die Universiteit staan. Dit was natuurlik ons eie organisasie — die Matie-kliniek in Bellville.

deur **Hannes Gildenhuys**

In 1964 stig die Matie-medici op Bellville die Universiteit van Stellenbosch se Klinieke (Welsyns-) Organisasie. In 1968 verskuif hulle van die Provinsiale Kliniekgebou in Bellville-Suid na 'n gebou in die Kleurlingwoonbuurt Bishop Lavis. Hier kon hulle na hartelus hulle welsynswerk verrig — werk wat dan ook allerweë agting en dankbaarheid verdien.

### Geen Rose

Met rose was die weg egter nog nooit besaai nie — daar is maar gedurig 'n tekort aan mediese middels, aan meubels, daar is ook gesoek na opgeleide aptekers wat volgens wet die voorskrifte moet uitmaak — kortom, finansies bly maar immer die probleem.

**Mooi illustreer die geval van die stoel en die tafel dié feit. Met die oortrekkery van die Provinsiale Kliniek na Bishop Lavis het daar per ongeluk 'n doos medisyne van die kliniek saamgetrek. Terselfdertyd ontdek hulle dat 'n stoel en 'n tafel van hulle agtergebly het. Eiendom word toe wedersyds opgeëis. Onderhandelinge is in doodse erns aangevoer oor die meubels met die doos medisyne as gyselaar. Daardie meubels was BAIE ernstige onderhandelings vir hulle werd.**

'n Probleem wat ál meer die kop begin uitsteek, is ruimte vir die groot toeloop van pasiënte na USKOR. 'n Nuwe, groot kliniek is dringend nodig — en in die vooruitsig gestel. Daar is reeds grond beskikbaar gestel en begin met die groot insameling — van ongeveer R20,000.

### Geldmaak-Projekte


Die USKOR-mense het al 'n hele klompie geldmaak-projekte agter die blad. 'n Modeparade in Bellville se Stadsaal, 'n orkesuitvoering onder beskerming van 'n burgemeestersvrou, 'n verskeidenheidskonsert deur 'n meubelmaatskappy, 'n moontlike filmpremière . . . (En wat van 'n Sangfeesaand in Bellville ten bate van USKOR?).

**Nee, hulle het nie stilgesit nie. En ons? Ons sukses gaan gemeet word aan — ons plesier gaan bepaal word deur die grootte van die hap wat ons van daardie R20,000 van daardie nuwe kliniek gaan afkry.**

## *Intervarsity-komitee*

**INTERVARSITY word vanjaar die 10de Mei op Coetzenburg gehou. Alle Maties wat daarin belang stel om op die Intervarsity-komitee te dien of andersins bystand wil verleen met die veeleisende, maar interessante organisasie, moet asseblief voor 6.00 nm., Vrydag, 14 Maart, skriftelik aansoek doen by PIETER LE ROUX, KAMER 86, SIMONSBERG. Meld enige nuwe idees asook vorige organisatoriese ervaring.**

## DIE NUWE VLOTROETE



# WIE KRY KROON?

*Hier is die tien finaliste vir mej. Matieland-kompetisie uit wie 'n koningin en twee prinsesse gekies word.*



## SANDRA STEENKAMP

Huis-ten-Bosch

*(B.A. II — 19)*

SY'S 'n plaasnooi, ja. En sy swot kuns. Nou tweedejaar.

As dit goed gaan met die kompetisie, sal sy weer probeer? Sandra skud haar kop beslis. Die beoordelaresse was baie gaaf en vriendelik en sy wil ook daarvoor dankie sê, maar liewer nie weer nie.

Wat dink sy van Stellenbosch? Dat meisies nie hier kan langbroek dra nie en al dié? Vir 'n verandering is hier 'n doedie (nogal 'n kunskatjie) wat blykbaar tevrede voel met hierdie toestand. Sandra voel dat 'n meisie tóg oulik en aantreklik . . . en gemaklik ook . . . kan wees, sonder om uitspattige s'enterdrag en al dié te dra. En as 'n man hierdie ligtekoppie op straat sien, dan kan jy nie eintlik help om met haar saam te stem nie.

## LOUISE NEETHLING

Sonop

*(P.O.S.Drama III — 19)*

TWEE jaar in Denneoord was Louise Neethling, tans is sy 'n groentjie in Sonop.

Dames vir beoordelaars? (Die finaliste is deur sewe dames en een man aangewys.) Ja, knik die swartkoppie. Die dames lê beter smaak, beter oordeelsvermoë aan die dag as mans — 'n popgesiggie en 'n mooi figuurtjie trek té veel gewig by 'n mansbeoordelaar.

Dan was daar die (onverwagte) vraag van die hoofbeoordelares, mannekyn Joan Olivier: of sy verkies om los of vas uit te gaan. Die vraag word herhaal. Ja, verkieslik vas — té veel los uitgaan kan 'n meisie 'n reputasie gee dat sy van man tot man flinder.

En gaan sy vas uit? „Nee, of ja . . . nie eintlik nie . . . maar skryf jy maar ek gaan vas uit."





## ANGELA JOUBERT

Huis-ten-Bosch

*(B.Sc. III — 20)*

„SHE (die beoordelares) asked me a question in Afrikaans and I said ‚Pardon?' And I thought: ‚O hemel, nou is dit alles klaarpraat'!" Die beoordelares het gelag en Engels gesels.

En hoe sy voel as sy die lang pad moet vat na die beoordelaars se tafel toe? „Ek voel soos . . . soos 'n . . . soos 'n ‚prize cow'!" Tog vind sy nie so veel fout met sulke kompetisies op Universiteit — waar deelnemers voorgestel word en nie self inskryf nie.

Was sy beoordelares, het sy groot aandag geskenk aan die oë van die deelneemster en aan die grasie waarmee sy beweeg.

„And with a bloke . . . it is his hands — and his eyes as well."

## NICKI MYBURGH

Nerina

*(B.A. II — 18)*

„AGTIEN . . . net-net . . ." (Met 'n skaam glimlaggie.) En jou kursus, Nicki? „B.A., tweede jaar." Ook net-net? (Die glimlaggie word skamer.)

Hierdie witkoppie het grootgeword op Meerlust, hier naby die Akker. Hulle huis is glo deesdae 'n historiese monument. 'n Poging tot 'n onverwagte vraag: Waarvoor is daardie silwer band dan om jou hare? Die antwoord kom blitsvinnig: „Sodat die beoordelaresse kan sien hoe ek met 'n kroon op lyk!"

Wat sy van die beoordelaars gedink het? Sy sou graag wou sien dat daar meer mans aan die beoordeling deelneem. „Maar hulle was baie gaaf en vriendelik en so aan en hulle het mens op jou gemak laat voel en buitendien het Joan Olivier dadelik opgemerk dat ek die nuutste mode in kouse gedra het."





## REHANNA GROENEWALD

Nerina

*(O.D.H.N. II — 19)*

INTERESSANTE agtergrond — hierdie swarthaar-nooientjie uit die Vrystaat. Terwyl op Stellenbosch (in die veertigerjare) was haar vader, Willie Groenewald, S.A.-kampioen oor die myl. En haar moeder was self joolprinses en 'n ywerige organiseerder op die Juniordag.

'n Meer eweredige verspreiding van mans en dames by die beoordelaars. Ja (i.p.v. die verhouding 7 : 1). Want smaak verskil.

En waarna kyk sy eerste in 'n meisie se gesig? Na haar oë, na haar houding en na haar glimlag. By 'n man? „Hy moet 'n sterk gesig hê — iets wat 'n mooi, sterk persoonlikheid wys. Tog snaaks dat dit dikwels die lelikste ouens is met die aangenaamste persoonlikhede."

Ten slotte „— as die Karnaval verby is, dan wil ek weer myself wees, net gewone Rehanna . . ."



## CHRISTA NEL

Lydia

*(B.A. II — 19)*

'N PROF se dogter, dié ene. Pa is die dekaan van Lettere en Wysbegeerte, of so iets. Haar kursus? B.A., natuurlik. Tweedejaar nou.

Sy het nie gehou van so baie damesbeoordelaars nie, en as dit van haar moes afhang, sou die hele lot mans gewees het. Hulle weet tog per slot van sake beter hoe 'n mooi meisie lyk!

By die beoordeling het die lang, swart hare los om haar skouers gehang. Die rokkie was ook pikswart, met 'n parmantige swart pelsrandjie om die hals. Waarvoor is die wollerigheidjie nou eintlik, Christa? „Nee, Ma het besluit dat die hals te laag is!"

## DORET BASSON

Irene

*(B.A. III — 20)*

'N TAMBOERNOOIENTJIE, sy. Doret Basson. Van Beaufort-Wes.

Ondervinding van sulke kompetisies? Ja, glimlag sy, verlede jaar is sy in haar koshuis vir dieselfde wedstryd genomineer, maar verder het dit daardie keer nooit gekom nie.

Nee, sy wil nie vreeslik graag „soos 'n waspop daar op 'n vlot sit nie" — sy sal dit baie meer geniet om as 'n tamboernooientjie Karnaval te hou.

En as sy dan beoordelares was, waarna sou sy kyk by die deelneemsters? Gesig — bou — en hoe sy praat, hoe sy haar gedagtes uitdruk in woorde.

'n Laaste vinnige enetjie: „Wat gaan jou ouers sê as hulle jou foto môre in die koerant gewaar?" „My pappie — hy slaan flou neer in sy bed, meneer!"





## MARTHA VAN ZYL

Huis-ten-Bosch

*(B.A. III — 20)*

MET 'n treffende geel rokkie aan, wat haar rooierige hare pragtig beklemtoon, vertel sy ons dat haar naam Martha is (met 'n haa) en dat sy van Kaapstad af kom.

Die beoordelaresse? Sy voel dat hulle té krities gelyk het. Dit laat 'n mens senuweeagtig voel. En as jy só voel, hoe moet jy dit dan regkry om tegelykertyd mooi te loop, mooi te draai, mooi te glimlag, mooi te staan, mooi te praat en dan nog mooi te LYK ook!

Eén ding voel sy baie sterk oor, en dit is dat die beoordeling gedoen moet word slegs deur dames . . . sodat 'n mens darem genoeg op jou gemak kan voel om tegelykertyd mooi te loop, mooi te draai, en mooi te so-aan.

## LINETTE MARAIS

Sonop

*(P.O.S.Drama III — 19)*

HAAR ouers woon in Seepunt, haar vader is 'n afgetrede boer. Of hulle (haar ouers) al weet van die besigheid? Nee aarde, hulle sal dit maar in DIE BURGER moet sien, sy het nog geen woord van die kompetisie gerep nie.

Dames vir beoordelaars? Ja. Want ag, hulle let op al die fynere puntjies wat 'n man nie raaksien nie.

Linette-as-beoordelares sal 'n geheel-indruk van die deelneemster probeer kry — en spesifiek kyk na die dametjie se stappie en hoe sy dan gesels — haar woordkeuse en manier van praat. Haar kleredrag is nie so erg belangrik nie — al sal „'n mens lekkerder voel en aantrekliker vertoon in 'n mooi rokkie".





## ESTHEA MELLET

Sonop


*(B.A. II — 20)*

ESTHEA . . . sy't al 'n slag die vaandel gedra, hierdie poppie.

Sy kom van Brakpan af. Met 'n glimlag vertel dié grootoog ons hoe lief sy vir Stellenbosch is, omdat 'n mens hier kan asemhaal en mense kan groet en as jy lus is, kan fietsry ook.

Vorige ondervinding? Nee, nee as ek bedoel of sy al aan skoonheidskompetisies deelgeneem het, is die antwoord nee.

Ek kyk na haar lang donker hare wat sy los om haar skouers laat hang. Ek skiet 'n ou-ou vraag (en ek dink ek weet wat gaan kom): Wat dink jy is die mooiste, Esthea, lang of kort hare? (Ek het toe tóg nie geweet wat gaan kom nie.) 'n Teenvraag: „Hoekom dink jy het nege van die tien finaliste lang hare?"



● *Akkerjol-verslaggewer Fanie Bekker (die manlike een, tweede van links) en 'n groep eerstejaar-dames kom vir 'n oomblik tot stilstand voordat hulle Kaapstad invaar om die Maties se Karnavalblad, Akkerjol, op straat te verkoop. Akkerjol word glo gunstig ontvang en verkoop goed.*

# *Só 'n Akkerjol Blaas Mos Karnavalgees Aan!*

AKKERJOL '69 het verskyn. Te oordeel aan al die gunstige kritiek wat ontvang is, is dit die puikste uitgawe van Akkerjol sedert die blad saam met die Karnaval vier jaar gelede ontstaan het.

Reeds met die eerste oogopslag trek die goedversorgde voorkoms van die blad die aandag. En die aandag word deurgaans behou. Die tipografie en drukwerk is van hoogstaande gehalte en op kwaliteit-papier. Opmerklik is veral die verskeidenheid van kleure wat gebruik is om die blad 'n meer lewendige voorkoms te gee.

Opvallend is ook die uitstekende wyse waarop veral die illustrasies by die tema van die Karnaval: „Viva Musica" aansluit. Van die kanttekeninge deur kunsstudent Gert van Zyl tot die sogenaamde tydskrif „Baklei" (dalk 'n parodie op iets meer bekends!?) word die leser geamuseer deur die fyn humor wat daaruit straal.

Mej. Akkerjol, wat op die voorblad sowel as in die middel verskyn, is die pragtige Leslie Sendin wat saam met die prinsesse en veral die fotogeniese Tania de Lange (17) S.O.D., die hele blad se prestige verhoog.

Die geskrewe grappe is van die keurigste en prikkel die lagspiere aanhoudend. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die sowat 150 grappe wat in Akkerjol verskyn, gekeur is uit meer as 600 van die beste grappe wat versamel is.

Aan mnr. Pieter Bräsler en sy redaksie ons hartlike gelukwense met hierdie puik uitgawe van Akkerjol.

# GEHEIME SAMEDROMMING VAN POPPIES WORD ONTHUL

## *Wil Bellville en Stellenbosch Inval*

**'N ONDERGRONDSE beweging is onlangs onder die Stellenbosse studentegemeenskap ontdek nadat DIE MATIE se wakker speurders sekere onrusbarende leidrade opgevolg het.**

Daar is opgemerk dat dosyne persone — misterieus in wit geklee — daagliks vlak voor dagbreek stil-stil by verskeie koshuisdeure uittrippel en hulle met rasse, indien nie eerder slaapbedwelmde, skrede na 'n verafgeleë geboutjie op Coetzenburg wend.

### Afgeluister

Die skerpsinnige speurders het dadelik opgemerk dat die verdagte persone uitsluitlik vroulik is — 'n fenomeen wat hul speurinstinkte na die hoogste versnelling oorgeskakel het. Daar is besluit om deeglik ondersoek in te stel. 'n Spitsberaad van die groep is van agter 'n kamoeflerende heining afgeluister. Die bevinding was sodanig dat die studentegemeenskap gewaarsku moet word:

**Sover dit van die bevelvoerderes se woorde aan haar mag afgelei kan word, beplan die groep op 8 Maart die inname van Bellville, waarna hulle sal optrek na Stellenbosch. Strategiese bewegings is fyn uitgewerk, en die mag sal die spits van die aanval vorm, met 'n eskader gepantserde sierwaens agter hulle as versterking. Vere en satyn sal die basis van hul krygsuniform vorm.**

Na die beraad het die groep tot militêre oefening oorgegaan o.l.v. 'n hoof-strategis. Hulle het 'n indrukwekkende pragvertoning gelewer op die maat van opswepende musiek wat, sover afgelei kon word, op die een of ander wyse die sleutelrol in hul voorgenome oorwinning sal speel. Die sinistêre slagkreet van die beweging is „Viva Musica!"

### Bevelvoerderes


Die bewegings van die betrokke persone word deur ons speurdiens dopgehou. Die identiteit van die bevelvoerderes is reeds vasgestel: sy is ene mej. Dene Smuts; terwyl dit feitlik seker is dat die hoof-strategis, wat in miniatuurvoertuig CL 9048 rondjaag, mej. Maureen Roux is.

Akkerbewoners word gewaarsku om op Saterdag, 8 Maart, vir die inval gereed te wees. Kameras word as wapens aanbeveel!

*FOTO ONDER: En hier is die „geheime mag" van toonaangewende drompoppies aan die „dril" op Coetzenburgparade. Wie kom help om hulle — versigtig en stewig — vas te vat?*

**Ons Kry Wenke**

# KOMITEES GESELS IN KAAP OOR JOLE



*PIETER BRÄSLER*

**'N SUKSESVOLLE joolvoorsitterskonferensie is gedurende die afgelope vakansie aan die Universiteit van Kaapstad gehou. Alle universiteite (insluitende Rhodesiese kolleges) was verteenwoordig om sake van gemeenskaplike belang te bespreek.**

Die inisiatief vir die konferensie het van die joolkomitees van die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad uitgegaan. Die byeenkoms het van die 17de tot die 19de Desember plaasgevind. Akkerjolredakteur Pieter Bräsler en Karnavalkomiteelid Jimmy Fouché is afgevaardig om Stellenbosch te verteenwoordig.

Die doel was om kennis en ondervinding uit te ruil en interessante benaderings tot die idee van Karnaval het aan die lig gekom. Sommige van hierdie idees is reeds met die huidige Matiekarnaval ingespan.

Wat die verspreiding van die joolblaaie betref, het ons veel geleer. Dit het geblyk dat aan die meeste universiteite 'n akademiese dag daarvoor afgestaan word en die hele studenteunie dan daarby betrek word. Ook by die geldinsameling word 'n groot deel van die studentemassa aktief ingespan. Wits se debutante het byvoorbeeld verlede jaar R34,000 ingesamel. Nog 'n uitvloeisel van die konferensie is 'n „Joolkoningin van Suid-Afrika-wedstryd" en 'n inter-universitêre tamboernooientjiekompetisie.


# Castlemarine takes queen on free sea trip

**Compiled by Castlemarine**

**WHAT does a girl think about when she goes on holiday? A good time? Yes, everyone wants to enjoy themselves when they are away from their usual surroundings, but perhaps a girl wants a little more especially if she is the Stellenbosch University Carnival Queen. Then she wants something special — and of course she is entitled to something special because she is someone special.**

What could be more special for a queen than to be the belle of the Ball on a 30,000 ton Liner cruising from the Cape to Durban and back?

## Highlight

Perhaps the Captain will entertain her with the other prominent passengers in his Day Room to cocktails — just one opportunity to wear some of her gorgeous clothes.

The big dance in Port Elizabeth is always a highlight of this trip.

A wonderful Cabin with a private bathroom, and five star attention. Breakfast in bed, from a menu containing 42 items.

She will meet interesting people, in fact the new people, the in-people, they call them the Mail Ship Set, and she will be queen of them all.

## Hearty welcome

Castle Marine extends a hearty welcome to . . . the Stellenbosch Carnival Queen for 1969.